

23 Oktober Genesis 12:1-13:4; (Teks: 12:10)

Geloof in teenstelling met die werklikheid

Ons kom telkens voor situasies te staan waar ons geloof beproef word: Jy hoor byvoorbeeld dis kanker. Jy weet die Here kan jou gesond maak, maar die geneesheer bevestig dat geen chemoterapie sal help nie. Hoe gemaak as geloof en die werklikheid teenoor mekaar te staan kom?

Abram het God in die geloof gehoorsaam en na 'n vreemde land vertrek, maar as Abram daar met hongersnood gekonfronteer word, beland hy in 'n geloofskrisis. Hy kon besluit om terug te keer na Haran maar dit sou beteken dat hy aan God ontrou word. Hy kon weer 'n altaar bou en die Here aanroep in hierdie krisis wat die regte ding sou wees. Maar hy besluit om self 'n plan te maak - om as vreemdeling na Egipte te gaan. Omdat hy self in beheer is moet hy nou 'n leuen vertel om homself te beveilig.

Die Here gryp egter in deur die Farao se huis met plaë te tref. Hier kom 'n keerpunt. Abram keer terug na die altaar by Bet-El en roep weer die Naam van die Here aan (13:4). Miskien is u midde in 'n geloofskrisis. Dalk maak u self planne om daaruit te kom. Vra eerder na die Here se wil. Soek u hulp by Hom. Of dalk is u reeds 'n "vreemdeling in Egipte". Keer dan terug na u altaar - die Woord van God - sodat die Heilige Gees u geloof so kan versterk dat, al lyk u situasie hoe hopeloos, u nogtans op God alleen kan vertrou vir uitkoms.

Sing: Psalm 71:13,14

Ds. M.A.F. Kruger (Wapadrant)